

Die Heilige Gees is ons waarborg dat ons aan God behoort?

Maandag 8 November 2021

Ef 1:13,14

13 “Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. **In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.**

14 **Die Heilige Gees is die waarborg** dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.”

Wonder jy partykeer of jy werklik goed genoeg is vir God om aan Hom te behoort?
Wonder jy of jy werklik God se kind is en of jy eendag in die hemel sal wees?

Paulus is nou besig om aan die Efesiërs te verduidelik, hoekom hulle daarvan verseker kan wees. In sy gebed vir die Efesiërs in Ef 1:15 lees ons dat Paulus gehoor het van hulle geloof in die Here Jesus en van hulle liefde vir alle gelowiges. Nou dit is die uitvoering van die groot gebod in Mat 22:34-40 om God lief te hê en hulle naaste.

- Maar hoe kom jy daarby uit of daartoe om so te lewe?
- Hoe kry jy die versekering daarvan dat jy Jesus Christus waarlik liefhet en jou naaste?
- Hoe kom jy by die dade uit?

God die Heilige Gees, oortuig elke kind van God van hierdie saak. Die Heilige Gees woon en werk in elke kind van God. Ons lees in Ef 1:13 dat deur die wonderlike genade van Jesus Christus se soenverdienste aan die kruis, glo al God se kinders hierdie evangelie van verlossing. Niemand kan tot geloof in Jesus Christus en sy verlossing kom as dit nie deur die Heilige Gees geskied nie. Daar staan juis **deur en in Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God BESEËL.**

In Ester 3:12b lees ons dat die koning se ring ‘n saak beseël het. Nou die Heilige Gees beseël ons, oortuig ons, getuig in ons, verseker aan ons dat ons die eiendom van God **IS**. Paulus sê in 1 Kor 9:2 “...Immers julle wat aan die Here behoort, is **die seël** op my apostelskap.”

Die Heilige Gees getuig in ons harte dat ons aan God behoort. **Rom 8:16,17** “Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. **17** En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.”

Hoe of verkry jy hierdie sekerheid dat ons aan God behoort deur die Heilige Gees? Nie deur koorsagtig ‘n gevoel wil verkry van jou kindskap nie. Nie deur ‘n werk-heilige lewe te voer nie. Nie deur iets te verdien of te verwerf vanweë my goeie lewe nie. **MAAR** deur ‘n dankbare toegewyde lewe aan God deur die Woord te leef en jou geloof uit dankbaarheid uit te leef.

Gal 5:6 “In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.”

Mag God deur die Heilige Gees en deur sy groot genade, ons elke dag oortuig van sy Liefde.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com